higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1540**(A)**(N20)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# TOERISTEBESTEMMINGS N5

(22030115)

**20 November 2018 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**OOPBOEKEKSAMEN**

**Kandidate kan studenteportefeuljes wat klasnotas, brosjures, gidse, gevallestudies, werkopdragte/projekte en toetse bevat asook voorgeskrewe handboeke, 'n atlas, kaarte, reistydskrifte en 'n GSA in die eksamenlokaal inneem.**

**Kandidate mag 'n sakrekenaar gebruik.**

**Kandidate is op 15 minute leestyd geregtig.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en drie bylaes van 5 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOERISTEBESTEMMINGS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien nie.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A: 40 punte
   AFDELING B: 160 punte

2. AFDELING A is VERPLIGTEND.
3. Beantwoord VIER van die vyf vrae in AFDELING B.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE BLADSY.
6. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Skryf elke vraagnommer in HOOFLETTERS boaan die bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 **AFRIKA**

Verwys na jou bronne en identifiseer elk van die nommers op die KAART VAN AFRIKA (BYLAE A). Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Breedtelyn

1.1.2 Kontinent

1.1.3 Kontinent

1.1.4 Hoofstad

1.1.5 Hoofstad

1.1.6 Eiland

1.1.7 Eiland

1.1.8 Land

1.1.9 Land

1.1.10 Land

1.1.11 Land

1.1.12 Meer

1.1.13 Seestraat

1.1.14 See

1.1.15 See

1.1.16 Oseaan

1.1.17 Oseaan

1.1.18 Bergpiek

1.1.19 Rivier

1.1.20 Rivier

(20 × 1) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 **INDIESE OSEAAN-EILANDE**

Verwys na jou kaart van die Indiese Oseaan-eilande en jou GSA om die volgende vrae te beantwoord.

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Madagaskar is die vierde grootste eiland in die wêreld.

1.2.2 Asië is die naaste land aan die Maldives.

1.2.3 Die seekanaal tussen Afrika en Madagaskar word die Mosambiek-kanaal genoem.

1.2.4 Mauritius se tydsone is UT +4.

1.2.5 Die Kreefskeerkring kruis Mauritius.

1.2.6 Reunion is deel van Franse grondgebied.

1.2.7 Die Bazaruto Eiland-argipel word as 'n Indiese Oseaan-eiland beskou.

1.2.8 Mahé is die hoofstad van die Maldives.

1.2.9 Mauritius is oos van Reunion geleë.

1.2.10 Die ewenaar kruis die Maldives-argipel.

1.2.11 Tanzanië is wes van die Comore geleë.

1.2.12 Die grootste eiland in die Seychelles-argipel is La Digue.

1.2.13 Die Aldabra-eilandrif is deel van die Seychelles.

1.2.14 Die hoofstad van die Comore is Port Louis.

1.2.15 Dhivehi is een van die tale wat in Madagaskar gepraat word.

1.2.16 Kenia se kuslyn is naby die Seychelles geleë.

1.2.17 Frans word in Reunion en Mauritius gepraat.

1.2.18 Daar is geen direkte vlugte tussen Suid-Afrika en die Maldives nie.

1.2.19 Rodrigues is deel van die Comore.

1.2.20 Die Indiese Oseaan is langs die Weskus van Afrika geleë.

(20 × 1) (20)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Kopiereg voorbehou

**AFDELING B**

Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in hierdie afdeling. Elke vraag bestaan uit 'n afdeling oor Afrika en die Indiese Oseaan-eilande.

**VRAAG 2**

**AFRIKA-AFDELING**

2.1 Kies VIER van die volgende LANDE:

Namibië; Zimbabwe; Kenia; Zambië; Marokko; Mosambiek

Kies VYF geografiese eienskappe/besienswaardighede uit die onderstaande lys wat by elke land van jou keuse pas. Elke kenmerk kan slegs een maal gebruik word.

Noem die vyf kenmerke onder elke land van jou keuse se naam. Byvoorbeeld:

SUID-AFRIKA
Drakensberge
Oranjerivier
Augrabies-waterval
Soutpansberg
Karoo

**Geografiese kenmerke**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Epupa-valle | Thomsons-valle | Murchison-valle | Muturazi-valle |
| Manchewe-valle | Okavango Delta | Etosha-pan | Makgadikgadi-panne |
| Berg Kilimanjaro | Berg Elgon | Brandberg | Berg Nyangani |
| Berg Binga | Mutirikwe-meer | Kafuarivier | Kunenerivier |
| Atlasberge | Dawarivier | Soussrivier | Drâarivier |
| Shire-rivier | Choberivier | Albert-meer | Ngonye-valle |
| Save-rivier | Karibameer | Turkana-meer | Bazaruto-argipel |
| Cahora Bassa-meer | Tanganjika-meer | Ewenaar | Mweru-meer |
| Otjikoto-meer | Wes-Sahara-woestyn | Lubomboberge | Chimanimani |
| Kalahari-woestyn | Quirimbas-argipel | Jebel Toubkal | Nyika-plato |

(4 × 5) (20)

**INDIESE OSEAAN-EILANDE-AFDELING**

Kies TWEE van die volgende LANDE:

Reunion; Mauritius; Die Komore

Skryf die NAAM van elke LAND VAN JOU KEUSE in HOOFLETTERS boaan 'n NUWE BLADSY. Beantwoord AL die vrae op grond van elke land van jou keuse. Nommer die antwoorde presies volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.

Kopiereg voorbehou

2.2 **REUNION**

2.2.1 Noem die asemrowende waterval naby Hell-Bourg. (1)

2.2.2 Noem die keteldal waar jy die waterval in VRAAG 2.2.1 sal aantref. (1)

2.2.3 Verduidelik wat 'n keteldal is. (2)

2.2.4 Identifiseer die bergagtige streek waar slawe wat ontsnap het, dikwels geskuil het. (1)

2.2.5 Noem die oorspronklike hoofstad van Reunion. (1)

2.2.6 Noem en beskryf kortliks TWEE besienswaardighede wat 'n toeris in die stad genoem in VRAAG 2.2.5 kan besoek. (2 × 2) (4)

**EN/OF**

2.3 **MAURITIUS**

2.3.1 Gee die volledige naam en kode van die eiland se geldeenheid. (2)

2.3.2 Noem DRIE toeroperateurs op die eiland (verwys na jou GSA). (3)

2.3.3 Noem die dag/dae van die week waarop daar direkte vlugte vanaf die Koning Shaka Internasionale Lughawe (DUR), Suid-Afrika, na Mauritius is (verwys na jou GSA). (1)

2.3.4 Gee die volledige naam en twee-letter IATA-kode van die lugredery wat die roete vanaf die Koning Shaka Internasionale Lughawe (DUR) na Mauritius bedien. (2)

2.3.5 Gee die volledige name van die TWEE internasionale lughawens wat naby die hoofstad van Mauritius geleë is. (2)

**EN/OF**

2.4 **DIE COMORE**

2.4.1 Het Suid-Afrikaners 'n visum nodig om die Comore 'n week lank te besoek? (1)

2.4.2 Wat kos 'n visum? (1)

2.4.3 Dui die voorkeurbetaalmetode vir die visum aan. (1)

2.4.4 Gee die e-posadres van die uitreikingsowerheid. (1)

2.4.5 Gee die TWEE name van die hoofstad. (2)

2.4.6 Beskryf die aantreklikheid/aanloklikheid van die hoofstad se hawe sonder om spesifieke besienswaardighede te noem. (3)

2.4.7 Noem die eiland wat 'n *collectivité territoriale* van Frankryk is. (1)
**[40]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 3**

**AFRIKA-AFDELING**

3.1 Verwys na BYLAE B asook na jou bronne om die volgende vrae te beantwoord:

3.1.1 Noem die land waar die Gomoti-vlaktekamp gebou gaan word. (1)

3.1.2 Gee VIER feite om te verduidelik waarom toeriste die Okavango Delta wil sien en ervaar. (4)

3.1.3 Watter soort vervoermiddel is ’n ‘mokoro’? (1)

3.1.4 Hoe word ’n mokoro gemaak? (2)

3.1.5 Noem DRIE maniere wat in die artikel genoem word om diere in die omgewing te besigtig. (3)

3.1.6 Noem die soort verblyf wat by hierdie kamp beskikbaar is. (1)

3.1.7 Verduidelik wat die soort verblyf wat in VRAAG 3.1.6 genoem is, sal behels. (2)

3.1.8 Wat is die naam van die aangrensende wildreservaat? (2)

3.1.9 Verduidelik wat met *die landskap is wild en ongerep* bedoel word. (2)

3.1.10 Gee die kontakbesonderhede vir verdere inligting (die persoon se naam en e-posadres). (2)

**INDIESE OSEAAN-EILANDE-AFDELING**

Kies EEN van die volgende LANDE:

Seychelles of Madagaskar

Skryf die NAAM VAN DIE LAND van jou keuse in HOOFLETTERS boaan ’n NUWE BLADSY. Beantwoord AL die vrae op grond van die land van jou keuse. Nommer die antwoorde presies volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.

3.2 **SEYCHELLES**

3.2.1 Vergelyk die twee groepe eilande (die Binneste en Buitenste Eilande) met verwysing na hulle onderskeidende geologieë asook beskrywings van hulle verskillende plantegroei. (3 × 2) (6)

3.2.2 Noem die TWEE gebiede wat tot UNESCO Wêrelderfenisgebiede verklaar is. (2)

Kopiereg voorbehou

3.2.3 Op watter eiland is die teefabriek geleë? (1)

3.2.4 Noem TWEE kulturele besienswaardighede in die hoofstad van die Seychelles en motiveer 'n besoek aan elkeen. (2 × 3) (6)

3.2.5 Noem die hoogste deel van die argipel. (1)

3.2.6 Watter eiland was voorheen 'n kolonie vir melaatses? (1)

3.2.7 Wat is die naam van die mees noordelike granietagtige eiland? (1)

3.2.8 Watter eiland staan ook bekend as *L'Ile Aux Vaches*? (1)

3.2.9 Watter eiland is die grootste in die Amirantes-argipel? (1)

**OF**

3.3 **MADAGASKAR**

Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n naam of woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.3.1 | Antemore | A | die grootste rivier |
| 3.3.2 | Nosy Bé | B | Rickshaw |
| 3.3.3 | Pousse-Pousse | C | UNESCO Wêrelderfenisgebied |
| 3.3.4 | Tsingy | D | Malgassiese sangers |
| 3.3.5 | Nasionale lugredery | E | MD |
| 3.3.6 | Ambohimanga | F | rotsspitse |
| 3.3.7 | Famadihana | G | handgemaakte papier |
| 3.3.8 | Betsiboka | H | die 'draai van die bene'-fees |
| 3.3.9 | Geldeenheid | I | die hoogste piek |
| 3.3.10 | Mphira gasy | J | 'n belangrike vakansieoord |
| | | K | 'n soort nagapie |
| | | L | MGA |

(10 × 2) (20)
**[40]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 4**

**AFRIKA-AFDELING**

Kies tussen VRAAG 4.1 en VRAAG 4.2.

4.1 Verwys na BYLAE C asook jou eie bronne.

4.1.1 Hoe staan Zanzibar plaaslik bekend? (1)

4.1.2 Daar word ook na Zanzibar as 'die spesery-eiland' verwys.

Noem EEN spesery wat in Zanzibar geproduseer word. (1)

4.1.3 Noem EEN van die belangrike eilande van die Zanzibar-argipel behalwe Zanzibar. (1)

4.1.4 Hoe lank duur die veerbootrit vanaf Dar es Salaam na Zanzibar volgens die bylaag? (1)

4.1.5 Die eerste stilhouplek was Stone Town.

Wat het die skrywer geruik terwyl hy deur die nou, kronkelende straatjies gestap het? (2)

4.1.6 In die artikel hoor die skrywer die 'oproep tot gebed'.

Noem die geloof wat hier beoefen word. (1)

4.1.7 Een van die plekke wat in hierdie artikel besoek word, is die Darajani-mark.

Noem die EEN moontlike item wat hulle oorweeg het om hier te koop. (1)

4.1.8 Noem die ander mark wat die skrywer snags besoek het. (1)

4.1.9 Verduidelik waarom die Huis van Wonders/Beit el-Ajaib in hierdie toer ingesluit is. (1)

4.1.10 Gee die naam van die goedkoper verblyf wat in die artikel genoem word. (1)

4.1.11 Verwys na die bylaag en noem EEN toeroperateur wat met besprekings vir verblyf en bootritte kan help. (1)

4.1.12 Beskryf wat die *kleurryke kangas* is waarvan die skrywer so baie hou. (1)

4.1.13 Noem EEN watersportaktiwiteit behalwe snorkelduik wat 'n toeris kan geniet. (1)

Kopiereg voorbehou

4.1.14 Die Cathedral Church of Christ was die eerste kerk wat in Oos-Afrika gebou is.

Op watter terrein in Stone Town is dit gebou? (1)

4.1.15 Waarom is ’n geelkoors-inenting nodig wanneer ’n mens Tanzanië en Zanzibar besoek? (1)

4.1.16 Verduidelik die verskil tussen *Kiswahili* en *Swahili*. (2)

4.1.17 Gee die volledige naam en drie-letter IATA-kode vir Zanzibar se internasionale lughawe. (2)

**OF**

4.2 Kies tussen Namibië en Uganda.

Skryf die NAAM van die LAND VAN JOU KEUSE in HOOFLETTERS boaan ’n NUWE BLADSY. Beantwoord AL die vrae op grond van die land van jou keuse. Nommer die antwoorde presies volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.

4.2.1 Noem die hoofstad van die land van jou keuse. (1)

4.2.2 Beskryf die ligging van die hoofstad in detail deur te verwys na waar dit in die land geleë is en die nabygeleë geografiese kenmerke. Jou eie kaart se skaal kan nuttig te pas kom. (4)

4.2.3 Verduidelik die toeganklikheid per pad vanaf Suid-Afrika na die land van jou keuse. (4)

4.2.4 Bespreek die regering van die land van jou keuse. (2)

4.2.5 Wie is die huidige president van die land van jou keuse? (1)

4.2.6 Noem en beskryf DRIE besienswaardighede in die hoofstad van die land van jou keuse. (3 × 2) (6)

4.2.7 Noem EEN tradisionele dis en beskryf wat dit behels. (2)

**INDIESE OSEAAN-EILANDE-AFDELING**

Kies TWEE van die volgende LANDE:

Maldives; Madagaskar; Seychelles

Skryf die NAAM van elke LAND VAN JOU KEUSE in HOOFLETTERS boaan ’n NUWE BLADSY. Beantwoord AL die vrae op grond van elke land van jou keuse. Nommer die antwoorde presies volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.

Kopiereg voorbehou

4.3 **MALDIVES**

4.3.1 Gee die volledige naam van die internasionale lughawe en sy IATA-kode. (2)

4.3.2 Wat is die reistyd per boot vanaf die lughawe na Malé? (1)

4.3.3 Gee 'n oorsig van die klimaattoestande in die Maldives gedurende April. (3)

4.3.4 Verduidelik vir 'n potensiële toeris wat presies 'Ramadan' is en hoe dit sy/haar reisplanne kan beïnvloed. (4)

**EN/OF**

4.4 **MADAGASKAR**

4.4.1 Gee die ligging van die Ivato internasionale lughawe ten opsigte van rigting en afstand na die hoofstad. (2)

4.4.2 Antananarivo het drie vlakke: die Bodorp (La Haute Ville), die Plateau du Colbert (middelste vlak) en *Downtown*.

Op watter vlak sal jou die volgende vind?

(a) Die Zoma-mark

(b) Die Rova

(2 × 1) (2)

4.4.3 Motiveer 'n besoek aan die Rova. (3)

4.4.4 Gee die naam van die dieretuin en botaniese tuine wat 'n olifantvoël se skelet uitstal. (1)

4.4.5 Noem 'n bestanddeel van parfuum wat op Nosy Bé gedistilleer word. (1)

4.4.6 Noem die oudste Europese nedersetting in Madagaskar. (1)

**EN/OF**

4.5 **SEYCHELLES**

Herrangskik die volgende eiland van die Seychelles-argipel in 'n logiese kloksgewyse sirkel deur met die grootste eiland te begin en te eindig. Nommer elke eiland (1–10) in die korrekte volgorde. Jou eie kaart van die Seychelles kan nuttig te pas kom. Byvoorbeeld:

1. Grande Comoros
2. Anjouan
3. Mayotte
4. Mohéli

SEYCHELLOIS-EILANDE:
Aride, Fregate, Silhouette, Mahé, La Digue, Bird, Praslin, Curieuse, Noord

(10 × 1) (10)
**[40]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 5

### AFRIKA-AFDELING

5.1 Kies TWEE van die volgende LANDE:

Mosambiek; Marokko; Botswana; Kenia

Teken ’n vertikale lyn in die middel van ’n NUWE BLADSY. Skryf die NAAM van DIE TWEE LANDE van jou keuse in HOOFLETTERS boaan elke kolom. Beantwoord AL die vrae oor ALBEI lande van jou keuse. Nommer die antwoorde presies volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.
Voorbeeld:

| | **SUID-AFRIKA** | **SPANJE** |
|---|---|---|
| **5.1.1**<br>**5.1.2** | | |

5.1.1 Noem die datum van Onafhanklikheidsdag. (1 × 2) (2)

5.1.2 Noem DRIE tradisionele inkopie-items. (3 × 2) (6)

5.1.3 Identifiseer die grootste stad. (1 × 2) (2)

5.1.4 Noem TWEE besienswaardighede in elke stad wat in VRAAG 5.1.3 genoem word. (2 × 2) (4)

5.1.5 Noem EEN UNESCO Wêrelderfenisgebied wat in elke land aangetref word. (1 × 2) (2)

5.1.6 Gee die volledige naam van die nasionale lugredery en sy IATA-kode. (2 × 2) (4)

### INDIESE OSEAAN-EILANDE-AFDELING

5.2 Kies VYF van die EILANDE hier onder.

Skryf die NAAM VAN ELKE EILAND van jou keuse in HOOFLETTERS langs die vraagnommer (5.2–5.7) neer.

Verduidelik die betekenis van elke term in die vrae van jou keuse. Terme hou verband met die plaaslike kultuur, geskiedenis, gebeure en vervoermiddels.

Nommer die antwoorde presies volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.

Kopiereg voorbehou

5.2 **MALDIVES**

5.2.1 Hukuru-moskee

5.2.2 Dhoni

(2 × 2) (4)

**EN/OF**

5.3 **MADAGASKAR**

5.3.1 Taxi brousse

5.3.2 Madajazzcar

(2 × 2) (4)

**EN/OF**

5.4 **SEYCHELLES**

5.4.1 Subios-fees

5.4.2 Bevrydingsdag

(2 × 2) (4)

**EN/OF**

5.5 **REUNION**

5.5.1 Fête du Miel

5.5.2 Rhum Arrangés

(2 × 2) (4)

**EN/OF**

5.6 **MAURITIUS**

5.6.1 Sega-danse

5.6.2 Cavadee

(2 × 2) (4)

**EN/OF**

5.7 **DIE COMORE**

5.7.1 Gallawas

5.7.2 Mosque du Vendredi

(Enige 2 × 2) (4)
**[40]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 6**

**AFRIKA-AFDELING**

Kies TWEE van die volgende LANDE:

Uganda; Kenia; Zambië; Malawi

Skryf die NAAM VAN ELKE LAND van jou keuse in HOOFLETTERS boaan 'n NUWE BLADSY. Beantwoord AL die vrae op grond van elke land van jou keuse. Nommer die antwoorde presies volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.

6.1 **UGANDA**

6.1.1 Noem TWEE mere wat aan die Demokratiese Republiek die Kongo grens. (2)

6.1.2 Noem die tweede grootste dorp in die land. (1)

6.1.3 Noem die belangrikste pad na die land toe. (1)

6.1.4 Noem die hoogste dorp in Uganda wat die poort na die Bunyonyi-meer is. (1)

6.1.5 Noem 'n meer (uitgesonder die Victoriameer) wat deur die ewenaar gehalveer word. (1)

6.1.6 Noem die hoogste piek in die land en gee die hoogte daarvan in meter. (1)

6.1.7 Noem die bergreeks waar die piek wat in VRAAG 6.1.6 genoem word, geleë is. (1)

6.1.8 Noem die hoofstad van die land. (1)

6.1.9 Noem 'n nasionale park wat 12 verskillende spesies primate huisves. (1)

**EN/OF**

6.2 **KENIA**

6.2.1 Noem die oudste lewende dorp in Oos-Afrika.

6.2.2 Noem die plek wat Vasco da Gama besoek het.

6.2.3 Noem Kenia se grootste nasionale park.

6.2.4 Noem Kenia se derde grootste stad.

6.2.5 Noem die grootste meer in Afrika.

6.2.6 Noem Kenia se hoogste piek.

Kopiereg voorbehou

6.2.7 Gee die ander naam van die Turkanameer, Kenia se tweede grootste meer.

6.2.8 Noem die dorp of stad waar Fort Jesus geleë is.

6.2.9 Noem ’n nasionale park waar Berg Kilimanjaro duidelik gesien kan word.

6.2.10 Noem die nasionale park wat die Keniaanse voortsetting van die beroemde Serengeti Nasionale Park is wat beroemd is vir die migrasie van diere.

(10 × 1) (10)

**EN/OF**

6.3 **ZAMBIË**

6.3.1 Noem die belangrikste besienswaardighede in die Mosi-oa-Tunya Nasionale Park.

6.3.2 Noem die nasionale park wat deur die Kafuerivier geskei word.

6.3.3 Noem die nasionale park wat aan die Tanganjikameer grens.

6.3.4 Gee die naam van ’n vooruitstrewende gebied waar koper- en kobaltmyne geleë is.

6.3.5 Noem die klein herdenkingspark wat geskep is om twee van Zambië se onlangse presidente te vereer.

6.3.6 Noem Zambië se grootste hawe.

6.3.7 Noem die toeristehoofstad van Zambië.

6.3.8 Noem die tweede hoogste waterval in Afrika.

6.3.9 Noem die vakansiedorp wat aan die Karibameer geleë is.

6.3.10 Noem die hoofstad van die westelike provinsie.

(10 × 1) (10)

**EN/OF**

Kopiereg voorbehou

6.4 **MALAWI**

6.4.1 Noem die groot eiland in die Malawi-meer wat in Mosambiekse waters geleë is.

6.4.2 Noem die oudste Europese gebou in Malawi.

6.4.3 Noem die nasionale park wat ’n UNESCO Wêrelderfenisgebied is.

6.4.4 Noem die riviervallei waar die Lengwe Nasionale Park geleë is.

6.4.5 Noem die tradisionele dans wat volgens oorlewering deur die Chewa- en Mang’anja-stamme uitgevoer is.

6.4.6 Noem die sendingstasie wat na David Livingstone vernoem is.

6.4.7 Noem die hoogste berge in die land.

6.4.8 Watter land vorm die grootste gedeelte van die Malawi-meer as ’n grens?

6.4.9 Noem die groot vallei waarvan die Malawi-meer deel vorm.

6.4.10 Noem die handelshoofstad.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

6.5 **INDIESE OSEAAN-EILANDE-AFDELING**

Kies VYF lande uit KOLOM A.

Kies TWEE beskrywings uit KOLOM B wat by elke land van jou keuse in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (6.5.1–6.5.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.5.1 | Seychelles | A | La Viernaise-vulkaan |
| 6.5.2 | Reunion | B | Eilandriwwe met lagunes en koraalriwwe |
| 6.5.3 | Maldives | C | Vallée de Mai en Coco de Mer |
| 6.5.4 | Mauritius | D | Kaskazi-winde |
| 6.5.5 | Madagaskar | E | Beau Vallon Bay |
| 6.5.6 | Die Comore | F | Berg Kathala |
| | | G | Fady |
| | | H | Rufiyaa |
| | | I | Nagapies en orgideë |
| | | J | St. Gilles |
| | | K | Kamarelgekleurde sand |
| | | L | Ngazidja |
| | | M | Pointe Coton |

(5 × 2) (10)

6.6 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (6.6.1–6.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.6.1 Rodrigues is deel van Reunion.

6.6.2 Die skakelkode vir Mauritius is 00230.

6.6.3 Madagaskar se tydsone is UT +4.


6.6.4 Die SA Verteenwoordiger van die Seychelles woon in Victoria.

6.6.5 Suid-Afrikaners het nie 'n visum nodig om Reunion te besoek nie.

(5 × 2) (10)
**[40]**


**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

**BYLAE A**




http://geography.about.com/library/blank/africa.jpg

**BYLAE B**




Hallo almal.

Ja, dit is amptelik. Die openingsdatum vir die Gomoti-vlakteskamp is 1 Maart 2017.

Dit word nog gebou en daar word beplan om dit in Januarie 2017 te voltooi. Tien luukse safaritente bestaande uit twee gesinseenhede en agt dubbbeleenhede. Ons is so opgewonde om hierdie nuus met jou te deel en kan nie wag om jou met hierdie wonderlike nuwe byvoegings tot die familie te betower nie.

Die Gomoti-vlakte is in ’n privaat konsessie geleë wat aan die Chitabe-konsessie en die Moremi-wildtuin grens. Die kamp sal die hele jaar fenomenale wildritte en mokoro’s, stapsafari’s en nagritte bied (afhangende van die water, natuurlik). Die wildlewe-uitstappies gedurende die afgelope jaar was asemrowend op die Gomoti-vlaktes, en die landskap is wild en ongerep.

Dis die volmaakte kombinasie met die Machaba-kamp om alles te sien wat die Okavango Delta bied. Fantastiese spesiale openingsaanbiedinge en -pakkette is beskikbaar.

Kontak Wendy vir verdere inligting by: enquiries@machabacamp.com

## BYLAE C

**Beleef ’n bietjie zen in Zanzibar**

Deur Mei Capes-Winch

Oos-Afrika het ’n onbedwingbare aantrekkingskrag en ek het verslaaf geraak aan sy kleurryke kanga, sy vriendelike mense en sy kristalhelder water. Dus, om my volgende Kiswahili-regmakertjie te kry, is ons na die Unguja-eiland toe, beter bekend as Zanzibar. Dit is net ’n twee-uur veerbootrit vanaf die Tanzaniese kushoofstad van Dar es Salaam of ’n direkte vlug van talle Afrika-stede.

Danksy sy nabyheid en goedkoop lugrederyopsies is die grootste eiland in die Zanzibar-argipel ’n maklik toeganklike en betreklik bekostigbare idilliese plek waar Suid-Afrikaners met jeukerige voete hul verswakkende geldeenheid kan bestee. En met ’n week se voorskrif van son, see en sand, en met Stone Town wat tussen die bladsye van my paspoort versteek is, was ’n vakansie in Zanzibar blykbaar presies wat die dokter aanbeveel het om die skerp kant van my Oos-Afrikaanse lus te slyp.

**Nie almal wat dwaal, is verlore nie**

Ons eerste stilhouplek was Stone Town – die historiese deel van die stad Zanzibar en ’n UNESCO Wêrelderfenisgebied wat 10 minute weg is van die internasionale lughawe op ’n westelike voorgebergte wat in die Indiese Oseaan uitsteek.

Stone Town beskik oor al die monderings van ’n towenaar waardeur die hindernisse van klank en sjarme sy subtiele veranderinge verbloem om die amateur te verbaas en te verstom. Dit is ’n hipnotis deur wie se vriendskap jy jouself toelaat om skadeloos verkul te word terwyl jy onder sy betowering wandel en om elke onbespeurbare hoek en draai aan sy giere toegee.

Sy rook en spieëls is ’n doolhof van korallynse ragsteen en wortelboomargitektuur, en sy stedelike samestelling vertel die verhaal van die dorp se voormalige lewe as ’n Swahili-handelshawe. Die verkrummelende geboue van vandag was eenmaal onder die invloed van uiteenlopende kulture vanaf Asië tot in Europa, en sy berugte geskiedenis as Oos-Afrika se hoofslawemark word steeds in die fondamente vasgevang.

Sy aantrekkingskrag is die gedetailleerde handgekerfde deure wat gestrooi lê langs die smal paadjies, die talle speserywinkels in die smal gangetjies, die reuk van wierook wat die klere op die wasgoeddrade deurtrek. ’n Sydelingse blik op ’n binnehof bied ’n intieme kykie op ’n ander soort lewe. Elke nou straatjie is aktief besig om weg te raak en naatloos om elke draai te verdwyn voordat dit nog skaars ontstaan het. Ek het aanvanklik hierdie disoriëntering gevoel, maar toe ek my aan die kleure en oproepe tot gebed oorgegee het, is ek gladweg opgeneem in die dorp se voue; ’n ander lagstrepie op sy gerimpelde gesig.

Vir my was die reuke, besienswaardighede en geluide so kennelik bekend soos ’n boks Quality Street-sjokolade met Kersfees, en ons eerste dag van doellose verkenning het ontelbare herinneringe aan vorige reise in my losgemaak. Dit was egter die byeenkom van hierdie uiteenlopende reeks herinneringe wat my verras het. Hoe magies was dit om herinner te word aan ’n wandeling op ’n klipperige straat in Italië op een draai, en dan op te kyk na ’n houtbalkon van Nepal om die volgende draai.

## BYLAE C (Vervolg)

Na ’n paar uur van rustig stap moes ons die tentakels van seekatte en verkopers by die Darajani-mark ontduik. Dit was niks buitengewoons nie, maar alles was meesleurend. Na ernstige beraadslaging oor of ons koffiebone of vanieljepeule moes koop, het ons op ’n sak saffraan besluit. Dit het gelyk of dit die regte ding was om te doen al het nie een van ons ’n idee gehad hoe om daarmee te kook nie. Die klein rooi draadjies het die herinnering aan ons wandeling opgeroep op ’n manier wat ’n cappuccino nooit sou kon vermag nie.

Teen die einde van ’n dag wat deurgebring is deur verdwaal te wees, het ons moeë voete verby die Huis van Wonders gestrompel – die eerste gebou in Oos-Afrika met krag en ’n hysbak, en toe na die Forodhani-nagmark waar ons weggelê het aan Zanzibar-pizzas en *nyoma choma* (braaivleis), en uit kokosneute by die see gedrink totdat dit tyd geword het om ons sintuie te laat ontspan.

Soveel as wat ons dit geniet het om ’n kort verposinkie sonder ’n skedule te geniet, het ons die volgende dag met ’n doel voor oë begin. Gevul deur (Zanzibari-koffie) boontjies, het ons ’n boot gehaal met die Kleure van Zanzibar om die ou kwarantynstasie en die reusagtige aldabran-skilpadkolonie op Prison Island te besoek. Hierdie bedreigde spesie was ’n geskenk van die Seychellese regering in die 19de eeu en dit was verstommend om in die teenwoordigheid van hierdie skilpadrelieke te wees - waarvan een 158 jaar oud was!

Terwyl ons aan die einde van ons toer in die helder water om die eiland gesnorkel het, het ons deur onskadelike jellievisse deurgeswem en was verstom dat ons in so ’n vreedsame en ongerepte omgewing was al was ons so na aan die bedrywige lewe van Stone Town. Ons voorskou van die marieneomgewing het ’n dors in ons wakker gemaak vir meer wateraktiwiteite. Ons het ná ’n laat seekosmiddagete in die dorp ’n verstommend pragtige dhow-sonsondergang met Zama Toere meegemaak.

Toe ons verby die argitektoniese wonders langs die kuslyn verbygeseil en gekyk het hoe die son oor vissers sak wat in die water van die Indiese Oseaan duik, het ons sterk gekruide kassava-skyfies geëet terwyl die lug pienk verkleur het, en ons het die sterre getel terwyl nog ’n dag in ’n magiese Zanzibar tot ’n einde gekom het.

**Waar om in Stone Town te bly**

Die Zanzibar Palace Hotel bied die perfekte afspringplek vir ’n kuier in Stone Town. En die steilte na die Dunia-wittebroodsuite op die boonste verdieping maak die opbou van melksuur die moeite werd. Hierdie suite bied ’n fantastiese uitsig oor Stone Town en laat ons voel soos Goue Lokkies in haar toring, al is ons omring van antieke Zanzibar-meubels. As mens nog ’n paar trappe boontoe klim, bied die en suite-badkamer ’n toilet met ’n uitsig en sagte stoele waarin mens kan wegsak om dit alles mee te maak.

Vir mense wat by ’n begroting moet hou, is die Warere-dorpshuis ’n gawe opsie wat naby die veerboot-endstasie geleë is. Basiese, maar skoon en gemaklike pragtige materiaalontwerpe en ander dekoratiewe voorwerpe van Zanzibar maak dit ’n verwelkomende plek om jou kop neer te lê. Die dakrestaurant – waar jy die dag met ’n ontbyt vir kampioene kan afskop – bied ook ’n lieflike uitsig oor die dorp.

**BYLAE C (Vervolg)**

Die House of Spices het twee maal soveel om te bied. Nie net is dit ’n sentraal geleë hotel wat dit ’n gerieflike basis maak waarvandaan ons Stone Town se strate kan verken nie, maar dit is ook een van die dorp se bekendste restaurante. House of Spices is ietwat van ’n plaaslike ikoon en bied ’n fantastiese samesmelting van Italiaanse en Zanzibar-disse danksy sy eienaar wat in Modena gebore is en die plaaslike sjefs. Speserye word op ’n smaaklike wyse by die verskeidenheid geregte ingesluit wat daartoe sal bydra dat jy verstaan hoe die Spesery-eiland sy naam gekry het. Bespreek jou verblyf deur Adventure Camps Tanzania en moenie die rissiesjokolademousse vir nagereg misloop nie!

Indien jy gaande is oor duik of daarin belangstel om by die Safari Blue-toer aan te sluit, is die Fumba Belke Lodge ’n wonderlike plek waarvandaan jy die Menai-baai se bewarea kan verken. As ’n veilige plek waar duikentoesiaste bymekaarkom, kan jy verwag dat jou dae gevul sal wees met dolfyne, eilande, sandbanke en koraalriwwe voordat jy na die lodge terugkeer om ’n goeie boek in jou hangmat te lees, omring van apies. ’n Endemiese Zanzibar-kolobusaap is ook onlangs vir die eerste maal hier opgemerk!

**Wat jy moet weet**

Zanzibar is ’n oorwegend Islamitiese eiland wat ’n pragtige ryk kultuur skep. Verwag vyf oproepe tot gebed elke dag, beesspek vir ontbyt en die meeste vroue – selfs jong meisies – wat *hijabs* dra. Niemand sal vreeslik geaffronteer voel oor skamel geklede toeriste nie, maar dit is altyd beter om bedagsaam te wees deur jou vetrolletjies te bedek en respek te betoon deur die manier waarop jy aantrek.

Dit is nie maklik om die eiland te deurkruis as jy nie ’n taxi huur of by ’n toergroep aansluit wat ’n maatskappy soos Viva Africa Tours of Zara Tours aanbied nie. Sommige paaie is nie vreeslik begaanbaar nie, en polisiemanne is daarop uit om geld te maak. Daarom sal hulle met graagte enigiemand op valse voorwendsels arresteer soos dat die persoon nie ’n geldige bestuurslisensie gehad het toe hy of sy ’n motor of motorfiets gehuur het nie. Alhoewel jy ongeskonde aan die ander kant kan uitkom, kan hulle steeds ’n demper op jou dag plaas en baie kosbare sonbaaityd vermors. Dus, as jy jou nie oor klein probleempies wil bekommer nie, is dit die moeite werd om die kontant uit te haal en in ’n taxi te spring. Oorweeg dit ook om op net een plek te bly om nie tyd en dollars op vervoer te bestee nie.

**Visumvereistes**

As ’n Britse burger wat in Suid-Afrika woon, is visums die vloek van my hedendaagse bestaan, maar net hierdie een keer het ’n visum nie die belofte van my eersgeborene en my binnebeenmate vereis nie. Suid-Afrikaners is bevoorreg dat hulle gratis in Zanzibar kan inwals op hulle Groen Mamba, en gelukkig is dit vir die meeste Europeërs ook nie te moeilik nie.

Daar word aanbeveel dat visums vooraf by die naaste Tanzaniese Hoë Kommissaris bekom word, maar as ’n mens in Kaapstad woon, is dit glad nie so maklik nie. Ek het dus gekies om my US$50 te betaal en my geelkoorssertifikaat met my aankoms te toon wat my enkeltoegangvisum na die paradys verseker het voordat ek nog *jambo* (hallo) kon sê.

[Aangepas uit www.africageographic.com]

Kopiereg voorbehou